PSW

Eenheid 23: Die waardigheid van ‘n persoon

Graad 6

Week 10: 22 Junie 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 23

DIE WAARDIGHEID VAN ‘N PERSOON (BL.88-89)

Sleutelwoorde:

Woord	Definisie
Waardigheid	Mense se selfrespek en trots op wie hulle is.
Grondwet	‘n Stel reëls en wette van ‘n land.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

MENSWAARDIGHEID:

Menswaardigheid verwys na mense se selfrespek en hoe trots hulle voel op wie hulle is.

Respek vir ander se menswaardigheid is so belangrik vir Suid-Afrikaners dat dit deel vorm van die **Grondwet.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WAT SÊ DIE GRONDWET OOR MENSWAARDIGHEID?

Die Grondwet (hoogste wet in SA) sê dat die waardigheid van elke mens **gerespekteer en bekerm** moet word.

Niemand mag enigiemand minder belangrik laat voel net omdat hulle is wie hul is nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Suid-Afrika het ‘n ryk verskeidenheid kulture en gelowe.

- Sommige mense het ‘n gebrek aan kennis van die verskillende maniere waarop mense aantrek, feesvier, eet en lewe.

- Hulle doen gemene dinge aan ander omdat hul onkundig (oningelig, onbewus, ongeskik, swak gemanierd) is.

- Sulke mense breek ander mense se waardigheid af!

Kyk na die volgende voorbeelde van hoe ons iemand se menswaardigheid deur onkunde kan afbreek:

Laerskool Mikro Kopiereg ©

VOORBEELDE:

1. Donovan Abrahams mag nie op Sondae aan krieketwedstryde deelneem nie. Sy spanmaats is omgekrap daaroor dat hy nie mag deelneem nie, want hy is hulle beste bouler. Hulle het vir hom gelag toe hy vir hulle gesê het dat hy nie op Sondae aan sport deelneem nie omdat sy geloof dit voorskryf.

2. Rahul se maat het hom na ‘n braai genooi vir sy verjaarsdag. Rahul het net van die brood geëet en wou niks van die vleis eet nie. Een van sy maats het hom toe geterg en gesê hy sal nooit groei as hy nie vleis eet nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Gesels met jou ouers oor die volgende vrae:

1. Het jy al gevoel iemand respekteer nie jou menswaardigheid nie? Wanneer/hoekom?

2. Aan watter geloof dink jy behoort elk van hierdie leerders in die voorbeeldstories? Waarom dink jy so?

3. Wanneer een van jou maats vir hierdie leerders in die voorbeeldstories lag of hulle terg, hoe sal jy elke leerder se gedrag verduidelik?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HUISWERK:

Lees deur die leesstuk oor die **menswaardigheid in verskillende godsdienste op p.89 in jou handboek** en bespreek die drie vrae aan die einde van die leesstuk met jou ouers, boetie of sussie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Baie dankie dat jy tydens hierdie inperkingstyd deur al die PSW-lesse gewerk het.

Ons sien uit daarna om julle weer in die week van 6 Julie 2020 by die skool te verwelkom.

Laerskool Mikro Kopiereg ©